STILL BAY BUSINESS/BESIGHEIDSFORUM

SBF

NETWORK TOWARDS SUCCESS/ NETWERK NA SUKSES

# Jaarverslag

## Tydperk Mei 2024 tot April 2025

**2024/25 was 'n beduidende transformasie vir die Stilbaai Besigheidsforum (SBF)** - van 'n tradisionele sakekamer na 'n inklusiewe platform wat gevorm is deur die veranderende landskap van plaaslike ondernemings.

Die verslag vertel van ’n jaar waarin ons geluister, geleer en doelbewus ’n sterk grondslag gelê het — met beleidsinvloed, strategiese vennootskappe en ’n hernieude fokus op praktiese impak.

*Vir 'n meer gedetailleerde weergawe van hoe hierdie pogings in praktiese waarde vir plaaslike besighede vertaal is, verwys asseblief na die aangehegte Bylae A.*

## 1. VOORSITTER SE VOORWOORD

Die jaar 2024 was die 40ste herdenking van die oorspronklike Stilbaai Sakekamer, ’n mylpaal wat die betekenis en gepastheid van vanjaar se oorgang na ’n nuwe identiteit beklemtoon het. Dit het ons herinner dat vernuwing op nalatenskap voortbou, en dat die waardes wat ons ontstaan gevorm het naamlik samewerking, veerkragtigheid en toewyding tot plaaslike ekonomiese groei, steeds ons pad vorentoe rig.

Op hierdie fondasie het ons ’n nuwe hoofstuk betree as ’n geregistreerde Nie-Winsgewende Organisasie – die Stilbaai Besigheidsforum (SBF). Die nuwe platform is doelbewus geskep om ’n wyer en meer diverse besigheidsgemeenskap te dien. Ons het wegbeweeg van die tradisionele lidmaatskapmodel ten gunste van inklusiewe ondersteuning aan beide gevestigde en opkomende ondernemings, in erkenning van hul gedeelde bydrae tot die dorp se ekonomiese en sosiale momentum

> ***'n Nuwe identiteit - gebou om meer te dien, meer in te sluit en plaaslike ekonomiese ontwikkeling aan te dryf.***

Hierdie verslag gee 'n uiteensetting van die inisiatiewe en aflewerings van die Forum gedurende die 2024/25-jaar, wat die ontwikkeling van doelgerigte verhoudings, die versterking van entrepreneuriese ekosisteme, die ondersteuning van informele ondernemings en die stimulering van inklusiewe plaaslike ekonomiese aktiwiteit insluit. Dit weerspieël die werk wat gedoen is om Stilbaai te help posisioneer as 'n toonaangewende sakesentrum - 'n plek waar besighede van alle  soorte kan verbind, groei en bydra tot gedeelde welvaart. Die praktiese waarde van hierdie pogings - wat dit in reël terme vir plaaslike besighede beteken het - is ingesluit in Bylae A: Besigheidswaarde-opsomming, aangeheg by hierdie verslag.

## 2. STRATEGIESE RIGTING 2025 - 2027

**Ons strategie is rondom vier temas gestruktureer:**



# 3. BELANGRIKE PRESTASIES IN 2024/25

## 3.1. Strategiese Vennootskappe: Verhoudings wat Impak Lewer

In 2024/25 is die  rol as skakelorganisasie, spreekbuis en katalisator versterk op plaaslike, streeks- en nasionale vlak. In plaas daarvan om net bestaande verhoudings te handhaaf, is dit doelbewus benut as strategiese instrumente om beleid te beïnvloed, vennootskappe te versterk en sodoende inklusiewe ekonomiese groei te bevorder.

**Plaaslike betrokkenheid**

Daar is aktief deelgeneem aan die Wykskomitees van Wyke 1 en 3, waar bygedra is tot besprekings oor onder andere advertensieruimte, informele handel, veiligheidskoördinering, infrastruktuur, munisipale dienslewering, sosiale ontwikkeling en toerismeverwante aangeleenthede. Hierdeur het die sakegemeenskap 'n sinvolle stem gehad in die wykskomitees se gesprekke en aanbevelings.

Verder is sakeperspektiewe ingebring in breër openbare deelnameprosesse, insluitend munisipale begrotingskonsultasies, geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning (GOP) en beleidsoorsigte. *Die formele insette wat aan die munisipaliteit gerig is, is beskikbaar op die Forum se webwerf*

> ***Van plaaslike insette tot nasionale dialoog - stemme in klein dorpies vorm groter besluite***

Deur verteenwoordiging op die Stilbaai Gemeenskapsforum is aktief deelgeneem aan gesprekke oor ruimtelike ontwikkeling en infrastruktuur. Verder is daar volgehoue ondersteuning gebied aan geïntegreerde veiligheidsinisiatiewe deur die Gemeenskapspolisiëringsforum en die Stilbaai Sekuriteitsnetwerk. Verteenwoordigers van die Sakeforum neem aktief aan al hierdie strukture deel en vorm 'n skakel tussen die plaaslike sakegemeenskap en breër belanghebbendes.

n Strategiese beplanningsessie is vir Stilbaai Toerisme gefasiliteer, wat die organisasie in staat gestel het om sy visie te verfyn, rolle regoor die toerismewaardeketting te definieer, en 'n gefokusde padkaart vir ontwikkeling, bemarking en innovasie te ontwikkel. Die proses het ook die belyning tussen die twee organisasies versterk en gedeelde aanspreeklikheid binne die plaaslike toerisme-omgewing bewerkstellig

**Streeksbetrokkenheid**

Streeksvlak-betrokkenheid het onder meer ingesluit: deelname aan die Hessequa Sakeforumkomitee ter ondersteuning van die implementering van die plaaslike ekonomiese plan; betrokkenheid by die herlewing van sake-organisasies op versoek van die munisipaliteit; en die deel van insigte oor volhoubaarheid, leierskap en nuwe sakemodelle tydens streeksgeleenthede.

In September 2024 is deelgeneem aan 'n paneelbespreking tydens die AHi Wes-Kaapse Kongres oor *"Samewerking tussen sakekamers en plaaslike regering vir ekonomiese groei"* Die uitnodiging het die Stilbaai Besigheidsforum erken as 'n maatstaf vir doeltreffende samewerking tussen die sakesektor en plaaslike regering.

**Nasionale deelname**
Sigbaarheid op streeksvlak het 'n pad gebaan vir betekenisvolle betrokkenheid op nasionale vlak, veral deur deelname aan die Small Business Institute (SBI) se netwerk. Hierdie platform het ruimte geskep vir bydraes tot beleidsbesprekings en deelname aan:

- voorspraak by Business Unity South Africa (BUSA) en die Nasionale Toerisme-belanghebbendeforum ten einde die prioriteite van klein en medium ondernemings in kusgebiede te bevorder en regulatoriese hindernisse te verminder;
- programme vir die herlewing van sakekamers, insluitend leierskapontwikkeling in vennootskap met Programma Uitzending Managers Nederland (PUM Nederland);
- nasionale dialoë oor digitalisering van kelin en medium ondernemings , ondersteuning van township-sake-organisasies , en die rol van die organisasies in infrastruktuur en gemeenskapsveiligheid..

Deur volgehoue betrokkenheid op plaaslike, streeks- en nasionale vlak het die SBF hom gevestig as 'n gerespekteerde rolspeler in kleinsake-ontwikkeling, tot voordeel van die breër sakegemeenskap

## 3.2. Strategiese Projekte: Die Brugmark

As vlagskipprojek van die SBF het hierdie plaaslike mark binne vier jaar gegroei van slegs 17 stalletjies tot meer as 60, 'n ontwikkeling wat nie net sigbare gemeenskapsvoordele ontsluit het nie, maar ook getuig van 'n volhoubare en inklusiewe ondernemingsmodel.

Die sukses is gebou op gesonde sake- en bestuursbeginsels: Die mark funksioneer as 'n gestruktureerde entiteit, met professionele bestuurprosesse en robuuste stelsels wat volhoubaarheid en langtermynwaardeskepping ondersteun.

Infrastruktuurontwikkeling is voortgesit volgens 'n argitektoniese meesterplan wat in 2022 opgestel is. Tot dusver sluit beduidende verbeterings die oprigting van die sentrale atrium, vier baksteenkiosks, 36 afdakstalletjies, verbeterde sitareas en die installering van 'n omvattende sekuriteitstelsel in. Hierdie veranderinge het nie net die mark se funksionaliteit en gebruikerservaring verbeter nie, maar ook sy fisiese identiteit versterk.

'n Belangrike hoogtepunt bly die Desember-vakansiemark, wat 'n seisoenale bestemming in eie reg geword het. Terugvoer van opnames en besoekersbetrokkenheid dui daarop dat die mark konsekwent die verwagtinge van vakansiegangers oortref, terwyl dit geleenthede met 'n groot impak vir plaaslike entrepreneurs bied. Die vraag na stalletjies oortref steeds die aanbod - 'n duidelike teken van die mark se belangrikheid en aantreklikheid gedurende die feesseisoen.

Die Brugmark se voetspoor strek ver buite Stilbaai. Verkopers van regoor die Hessequa-streek, insluitend Riversdal, Heidelberg, Albertinia, Melkhoutfontein en Jongensfontein, neem nou gereeld deel.

Gegewe die omvang van die kapitale investering en die tasbare sukses van die Brugmark, wat reeds 'n beduidende bydrae tot die plaaslike ekonomie gelewer het, is daar 'n formele versoek aan die munisipaliteit gerig vir 'n langtermynhernuwing van die kontrak. Verdere insfrastruktuur ontwikkeling sluit in, plaveisel, landskapverbeterings en die oprigting van 'n

kombuis- en aktiwiteitsruimte wat dien as ’n funksionele spilpunt vir markverwante bedrywighede en gemeenskapsgeleenth

### 3.3. Dinamiese Entrepreneuriese Ekosisteem:

Die ontwikkeling van ’n dinamiese plaaslike sake-ekosisteem verg meer as net simboliese betrokkenheid of ad hoc-inspraak. Dit rus op gestruktureerde ondersteuning, sigbare leierskap, en gedeelde deelname wat vertroue en verbondenheid kweek. In 2024/25 is verskeie platforms geskep om deelname, leer en samewerking binne die sakegemeenskap te bevorder. Temagesprekke, netwerkgeleenthede en aanbiedings deur kundiges het nie net geleenthede vir blootstelling geskep nie, maar ook waardevolle insigte ontsluit. Video-opnames van hierdie sessies is beskikbaar gestel aan lede, wat dit moontlik gemaak het vir meer besighede om toegang tot die gedeelde kennis en insigte te verkry, selfs al kon hulle nie die geleenthede bywoon nie.

Hieronder ’n paar sleutelinisiatiewe:

**40 jaar Feesviering**:

Belangrike mylpaal vanjaar was die viering van die Forum se 40ste bestaansjaar, aanvanklik gestig in 1984 as die Stilbaai Afrikaanse Sakekamer. Verskeie voormalige voorsitters en ondervoorsitters is vereer vir hul bydraes en leierskap tydens verskillende fases van Stilbaai se groei. Die spesiale geleentheid was gebruik om na te dink oor die forum se evolusie van 'n plaaslike sakekamer na 'n strategiese platform vir inklusiewe besigheidsuitbreiding.

In dieselfde gees van erkenning het ons ook op dieselfde geleentheid hulde gebring aan Matchbox, een van Stilbaai se mees ikoniese en kreatiewe besighede , wat in 1981 deur Lynette Cronjé gestig is en vanjaar sy deure gesluit het. As voormalige voorsitter van die Sakekamer was Lynette aktief betrokke by die bevordering van plaaslike sakebedrywighede en het sy 'n besondere passie gehad om Stilbaai as 'n kenmerkende toerismebestemming te posisioneer. Haar verhaal dien as 'n aangrypende herinnering aan die blywende impak wat waardegedrewe entrepreneurskap op beide plek en mense kan hê.

#### Erkenning van Vroue-Entrepreneurs

As deel van  Vrouedagviering het die SBF ’n spesiale byeenkoms gereël vir alle vorige ontvangers van die Prestige-toekennings. Die geleentheid het erkenning gegee aan hul bydraes tot die plaaslike sakeomgewing en terselfdertyd ’n waardevolle platform gebied om in gesprek te tree oor die unieke uitdagings wat vroue in besigheid ervaar. Deur ’n gestruktureerde proses is insigte gedeel, ervarings uitgeruil en praktiese oplossings verken.

#### Ontwikkelingsgeleenthede

Met die ontwikkeling van die volgende generasie sakeleiers as ’n belangrike fokusarea, is daar die jaar doelbewus voorsiening gemaak vir hul perspektiewe en behoeftes in die beplanning van sprekers by SBF byeenkomste. ’n Hoogtepunt was die bydrae van gasspreker wat ’n boeiende sessie getiteld *“The Art of Networking”* aangebied het. Sy het

praktiese hulpmiddels gedeel om outentieke sakeverhoudings te bou, 'n besonder waardevolle vaardigheid in hegte gemeenskappe soos Stilbaai.

'n Verdere geleentheid vir praktiese leer het gevolg met 'n sessie oor kunsmatige intelligensie (KI): *Ontsluit die krag van KI vir jou besigheid*. Aanwesiges is bekendgestel aan toeganklike KI-instrumente wat kan help om alledaagse uitdagings soos personeeltekorte, stygende koste en beperkte bemarking te oorkom. Twee besighede is gekies vir pasgemaakte opvolgondersteuning,  'n stap wat ons verbintenis tot inklusiewe innovasie en vaardigheidsontwikkeling verder versterk het.

Na aanleiding van die groot belangstelling in soortgelyke leerervarings, is gesprekke reeds aan die gang met die Buro vir Marknavorsing (BMR) oor 'n moontlike geleentheid om gevorderde insigte oor verbruikersgedrag en kleinhandeldinamika met die sakegemeenskap te deel

***SBF is meer as 'n sake-organisasie – dit  is 'n platform vir plaaslike leierskap.***

### Benutting van die Digitale Platform: Facebook

Die platform het 'n sleutelrol gespeel om besighede se sigbaarheid te versterk, spesiale geleenthede te bemark, waardevolle insigte te deel en besigheidsmylpale uit te lig.

Gedurende die verslagtydperk is meer as 413 276 mense bereik en 15 916 interaksies gegenereer, wat getuig van die inhoud se impak en die blad se relevansie vir die Stilbaai-sakegemeenskap. Hierdie vlak van digitale betrokkenheid oorheers vergeleke met soortgelyke plaaslike sake-organisasies en dra daartoe by dat besighede meer sigbaarheid en deelname kry.

### Versterking van Sigbaarheid deur Advertensiegeleenthede

Die sigbaarheid van plaaslike besighede is versterk deur die beskikbaarheid van meer as 60 advertensieverwante fasiliteite. Dit sluit drie hoofkategorieë in: straatadvertensieborde op prominente roetes, advertensies op vullisdromme in hoëvoetgangersareas, en geborgde advertensiepanele op braaifasiliteite in openbare parke. Al hierdie fasiliteite word volgens hoë gemeenskaps- en instandhoudingsstandaarde bestuur, en bied ondernemings 'n sigbare teenwoordigheid in kern openbare ruimtes.

'n Voorstel is aan die Hessequa Munisipaliteit voorgelê om die bestuur van alle advertensies in Stilbaai formeel oor te neem, met die oog op 'n meer gestruktureerde en esteties verantwoorde benadering. Die munisipaliteit het aangedui dat 'n formele tenderproses waarskynlik sal volg. SBF bly verbind tot oplossings wat besigheidssigbaarheid bevorder terwyl dit ook gemeenskapsbelange dien.

### Formele Belyning van Gedeelde Waardes

Ter bevordering van professionele standaarde en 'n meer gesamentlike, waardegedrewe besigheidsgemeenskap, is die SBF se waardeproposisie formeel gefinaliseer. Hierdie dokument beskryf nie net die bestaansrede en dienste nie, maar ook hoe dit geleenthede skep vir enige plaaslike onderneming om op betekenisvolle wyse deel te wees van 'n strategiese en ondersteunende netwerk.

As deel van die proses 'n *Sertifikaat van Verbintenis* ingestel, 'n sigbare teken van gedeelde waardes en aktiewe betrokkenheid. Die sertifikaat word uitgereik aan besighede wat hulle verbintenis tot beginsels soos integriteit, samewerking en diensbaarheid bevestig het, en aktief deel is van die gemeenskaplike strewe na 'n veerkragtige, inklusiewe sake-ekosisteem. Dit dra by tot openbare geloofwaardigheid en versterk die beeld van 'n verantwoordelike, waardegedrewe besigheidsgemeenskap.

### 3.4. Organisatoriese Volhoubaarheid

Organisatoriese volhoubaarheid gaan nie net oor finansiële voortbestaan nie , dit vereis doeltreffende strukture, goed gevestigde prosesse en die regte hulpbronne om konsekwente dienslewering en langtermynimpak moontlik te maak. In die verslagjaar is daar strategies gefokus op die versterking van operasionele kapasiteit en duidelike taakverdeling om die Forum se funksionering te professionaliseer en sy rol volhoubaar uit te brei.

'n Sleutelontwikkeling was die oorskakeling van Sage na Xero, 'n wolkgebaseerde platform wat akkurate, toeganklike en tydige finansiële bestuur moontlik maak. Hierdie stelselverbetering het bygedra tot meer responsiewe besluitneming en verhoogde verslagdoeningskapasiteit.

Die instelling van 'n portefeuljestruktuur het gefokusde uitvoering en aanspreeklikheid bevorder. Vir die eerste keer sedert die ontstaan van die oorspronklike Sakekamer is 'n betaalde kontrakpos geskep om administrasie en koördinering professioneel te ondersteun, 'n funksie wat tot dusver uitsluitlik deur bestuurslede op 'n vrywillige basis verrig is.

***Groei gaan nie net oor skaal nie - dit gaan oor gedeelde rigting.***

Deur hierdie interne aanpasssings is die organisasie goed geposisioneer om met vertroue en geloofwaardigheid op te tree as 'n funksionele, georganiseerde entiteit wat op 'n volhoubare manier tot plaaslike ontwikkeling bydra.

Inkomste uit advertensiestrukture is herbelê in gemeenskapsinstandhouding, infrastruktuurprojekte en die verhoging van sigbaarheid vir lidondernemings. Samewerking met plaaslike belanghebbendes, insluitend Stilbaai Toerisme en die Sekuriteitsnetwerk, het ons rol as 'n ontwikkelingsvennoot in die streek verder versterk.

Hierdie ontwikkelings demonstreer ons toewyding om nie net 'n bekwame organisasie te skep nie, maar 'n blywende instelling - een wat saam met die gemeenskap ontwikkel en 'n betekenisvolle impak maak.

## 4. VOORUITSKOUING: STRATEGIESE PRIORITEITE .

Die fokus van die SBF vir die nuwe finansiële jaar is gemik daarop om plaaslike impak verder uit te bou en streeksrelevansie uit te brei. Prioriteite vir die komende jaar sluit in die versterking van ons vermoë om insette en voorstelle op betroubare data te baseer, die ontsluiting van verdere infrastruktuurbelegging by die Brugmark, die uitbreiding van ondersteuning aan informele entrepreneurs, en die verskaffing van meer doelgerigte waarde deur te fokus op die spesifieke behoeftes van verskillende sakesektore.

## 5. ERKENNING EN WAARDERING

Ons bedank alle belanghebbendes wat hierdie reis saam met ons gestap het. Jou tyd, vertroue en ondersteuning het dit moontlik gemaak om 'n 40-jarige nalatenskap te omskep in 'n toekomsgerigte platform vir inklusiewe plaaslike groei. Hierdie verslag weerspieël jou insette en impak. Ons sien daarna uit om saam op hierdie momentum voort te bou .